**DONDERDAG 30 APRIL**

**SKRIFGEDEELTE: JOHANNES 14:1-11**
**FOKUSGEDEELTE: JOHANNES 14:8 (NAV)**

**Filippus – beleef jou rykdom wat jy in God het!**

Bied jou kerk, en die manier waarop jy jou godsdiens beoefen, genoeg aan jou? Adam en Eva het nie genoeg gehad in wat die Here hulle daar in die paradys gegee het nie. Eva swig voor die duiwel wat aan hulle meer voorhou: eet van die boom, en julle sal genoeg hê – julle sal soos God wees.

Tomas het ook nie genoeg daarin gehad om die opgestane Here Jesus te sien nie. Hy soek meer! Hy wil die merke van die spykers in Jesus se hande sien, anders sê hy sal hy nooit glo nie.

Filippus (perdeliefhebber) het ook daardie iets ekstra gesoek om dan eers genoeg te beleef in wat hy in Jesus het – wys ons die Vader, en dit is vir ons genoeg! Hy wil meer as net vir Christus met die oog sien. Dit beteken dat hy in Christus Self nog nie genoeg het nie.

Met ʼn wêreld vol tegnologie en groot dinge wat maklik gebeur wanneer jy ʼn knoppie druk, soek die mens ook vuurwerke in hulle godsdiens. Baie vind nie meer genoeg in die tradisionele erediens en kerkmusiek nie. Daar moet buitengewone ervarings wees, moderne musiek, en beroemde mense wat alles inkleur. Of nog ʼn reaksie: die Woord en die kerk bied nie so baie nie – daarom bly ek gewoon daarsonder.

Kom ons sien weer raak wat ons het in God, in sy Woord en in sy kerk. Die grootste groothede is in eenvoud gegiet – soos die grote Christus wat in eenvoud in ʼn krip en aan ʼn kruis was. Laat ons opnuut genoeg beleef in ʼn eenvoudige gebed, en ʼn eenvoudige loflied uit die hart.

Mag ons raaksien wat ons werklik in die Here het.

*Sing: Psalm 119:7*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg en Boshof)*